



## 3de kwartaal 2015

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

**ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA**

### **Nuusbrief – 14 Mei 2015:**

Die afgelope week, vroeg oggend oppad skool toe, ry ek verby 'n vrou.... soos altyd was dit een van daardie momente wat 'n bewustheid van die omgewing sommer net dieper gegaan het as wat dit sou gedoen het as ek ongeduldig en gejaagd op pad was na my eindbestemming. Ons oë het kontak gemaak, sy op die sypaadjie en in haar hande 2 insense stokkies, klaarblyklik besig om Budha se seën vir die verkeer óf die pad óf.... af te bid.

My hart het uitgeroep “Het jy al gehoor van Christus, weet jy van Hom?”. Terwyl ek verder gery het het ek heeltyd daaraan gedink dat ons moet gaan en vertel van Jesus want almal het nog nie gehoor nie. Ek het my hart begin ondersoek en vrae gevra --- waar staan ek, maak dit my nog opgewonde om van Christus te vertel, begeer ek en is ek nog betrokke in aksies sodat ongelowiges en afgedwaaldes hoor?

Die vrou langs die pad het geglo, hoop en vertrou dat sy gehoor sal word. Sy aanbid dooie stanbeelde wat deur mense hande gemaak word, sy ywer om nirvana die ewige dood te kan ontvang – sy weet dat daar in haar geloof 'n geestelike dimensie is omdat sy dit ervaar maar sy weet en besef nie dat die bron daarvan verkeerd is nie.

Die God wat ons ken LEWE en is nie dood nie, Hy is nie deur mense hande uit klip gekap nie ... néé Hy seën ons met Sy teenwoordigheid, deur ons menswees te vul en deur deel te wees van ons lewens. Christus is die regte bron, die ware bron van die lewe waarop ons geloof, hoop en vertroue gebou is. Dit is 'n realiteit ... kom ons vertel en verkondig Hom as Heer aan die wat nog nie gehoor het nie, aan die wat verdwaal het, aan die wat versmoor word deur die sorge van die lewe, aan die wat deur kapitalisme en konsumerisme verslaaf is, aan die... Kom loop saam met my, kom ons loop saam met Jesus en deel aan ander die bemoediging, waarheid, liefde en genade van God uit.

## **VERITAS KAMBODJA**

### **Oorgee**

Vanoggend sit ek en blaai deur my 'Chat-boek' met God – die skrywery en 'Chat-boek' met God het ± 23jr gelede begin. Terwyl ek blaai en kyk na die inskrywings van dinge wat gebeur het, my ongelooflike eerlikheid teenoor God en hoe dinge deur die jare ontvou het kon ek sekere patrone in my lewe optel... maar die belangrikste was om beide die positiewe en negatiewe tov my bediening in Veritas Kambodja te kon lees. Daar was baie vreugde, uitdagings en oorwinnings ens ens. Al het die bediening nie op 'n hoogtepunt geëindig nie kan ek een ding aan my hart vasknoop - ons as Veritas Kambodja span het deur God se genade 'n verskil gemaak in mekaar en baie ander se lewens dmv dié bediening. Al bestaan ons as span nie meer glo ons nog as vriende in mekaar.

Nou is Veritas Kambodja oorgegee aan Ivan en Terita – ek het gedink ek het klaar weg geloop vanaf dié bediening en was onvoorbereid en onkant gevang deur al die emosies wat deur my gespoel het tydens dié proses. Ek glo dat al gaan die manne bietjie sukkel hulle harte op die regte plek is en met die bediening wil en sal kan voortgaan. Mag God Sy hand oor almal betrokke in VNC/VCCam hou, laat groei en seën.

### *Bid asb saam*

- Die manne: Baie veranderinge o.a verstaan van Engels
- Wysheid vir die nuwe leierskap
- Of die Here jou nog in VNC/VCCam wil gebruik - Daar was 'n vraag of van julle sou wou betrokke raak deur finansiële te gee (VCI het \$'nood en kan

VCKambodja nie \$'s gewys meer dra nie), gebed en die ontvang van nuusbriewe. Ek het nie die reg om julle e-pos adresse uit te gee vir opvolg nie daarom as jy betrokke wil wees kontak asb vir [ivan@veritascollege.org](mailto:ivan@veritascollege.org)

## **BEDIENINGS**

*Kindervoeding/skool skema:* Nog nie veel nuus behalwe dat dit nog soos voorheen voortgaan en daargestelde doelwitte bereik. Ek hoop om ten minste elke 3maande by Sok se village wat nogal vêr is 'n draai te maak intussen sien ek hom een keer 'n maand.

*Angdong-TaÉen – Nary & Gime:* Ouma voedingskema en hulp verlening: Nog oumas bygekom. Die oumas wat op die projek is deel hulle rys met die ander wat bygekom het – nou 18bejaardes wat kos en ander noodsaaklikhede ontvang. Ek beplan om elke 2de/3de Saterdag uit te ry na die area in die provinsie om deel te wees van die vriendskap evangelisasie en huisbesoeke.

*5 Oumas volg Christus verseker -* Een ouma het sonder enige aanporing self besluit om haar huis skoon te maak van alle afgode en goed wat nie vir Christus eer nie ... Loof God daar omdat Hy self aktief betrokke is daar waar ons gehoorsaam die Woord uitdra! God self sal hulle gee. hulle nader aan Hom bring, ons kan net Sy liefde, Woord en omgee aan

## **ASIAN HOPE INTERNATIONAL SKOOL**

Al is die grondslag van die skool Christen is daar weer baie nuwe kinders vir volgende jaar ingeskryf. 'n Khmer Boedhist het vir my gesê dit is agv die kwaliteit opvoeding wat die skool gee. Die afgelope week hoor ek hoe die onderwysers die 3-4jarige kinders leer om gevoelens soos blydschap, kwaad etc te verbaliseer. Dit het my laat terug dink aan 'n kurus wat ek in Kambodja bygewoon het waar daar gedeel was dat die Khmer nie weet hoe om gevoelens te beskryf nie.

Die nuwe skool is nog vêr van klaar gebou – bid asb saam vir finansiële ondersteuning, alle non-profit organsiasies sukkel maar, daar is ook baie kinders wat beurse ontvang sodat hulle die skool kan bywoon.

Bid en Loof asb saam soos jy die deel lees en God dinge op jou hart lê.

## **PERSOONLIK**

Dit gaan regtig goed dit is asof die Here my heelmaak en ook vashou om in 'n dieper verhouding met Hom te staan. Dit vul my met dankbaarheid en opgewondenheid – ek begeer met alles in my menswees om in die proses van heelmaking weg te loop van al die negatiewe lewens faktore wat my vanaf Mid 2012 – Des 2014 toe gevou het.

Ek het vanaf 3de na 1ste vloer in selfde woonstel gebou getrek, w/s bietjie groter – geen hysbak het nogal lank gevat en my kuite was baie seer nadat alles ondertoe gedra was. Het manne gekry om te help met die meubels. Deur in dieselfde gebou net van w/s te verander het ek nie my deposito verloor en nodig gehad om 'n deposito neer te lê op 'n nuwe een

Sal nader aan die nuwe skool trek sodra ek goeie 'deal' kry of die skool klaar gebou is. Intussen help dit om geld te spaar om ongeveer US\$1200 by te las by die ongeveer US\$1200 wat KSM gee vir my mediese fonds (US\$/R wisselkoers bietjie volatile).

Weer begin swot - nagraadse diploma in pastorale berading by Perspective Kollege Potchefstroom. Hoop om die diploma die jaar klaar te maak en dan te begin met Masters in Pastorale berading. Dit was al baie jare in my hart om te swot en nou in SA het die Here regtig net die meetsnoere in plek laat val dat ek by die regte mense uit gekom het, 2 weke werkswinkels kon bywoon het ..... Sy tyd ken ons nie maar ek glo Hy maak ons Gees ontvanklik vir dit waarvoor Hy ons roep.

### **Nuusbrief – 7 Julie 2015:**

Hoop dit gaan goed met julle. Vanoggend lees ek Psalm 36:9 “Want by U is die fontein van die lewe; in U lig sien ons die lig.” Vandag wil ek dit sommer net weereens aan my hart vasknoop as waarheid en belofte – slegs in Hom is daar vrede, vreugde en oorwinnings. In Hom word elke uitdaging net nog 'n 'stepping stone' om te kan groei en nader aan Hom te lewe.

Iemand vra hoe gaan dit..... Ek kon antwoord dat die moeilikste uitdaging huidig is dat die riool sisteem en reën hier by ons nie 'n goeie kombinasie is nie. Sewage lê in die straat voor ons gebou... na al die jare kon ek nog nie gewoond daaraan raak om in dit te trap nie. 'n Wonderlike besef 'dawned upon me' dat dit nie eintlik so 'n

groot probleem is nie; rol broekspye op, voete en skoene word mos gewas. Dus ook dit is nie meer eintlik 'n challenge nie. O ja ... was in 3 motorfiets 'ongelukke'... 2 nie my skuld, 1 my stupid'geit (Sien persoonlike gebedsverdsoeke heel onder).

## **SNIPPERS**

### **Die Veritas manne ...**

Veritas bly 'n wonderlike 'tool' wat God gebruik om mense te leer om die Woord met verantwoordelikheid te lees en hulle so binne in die Waarheid in te trek.

Bly asb bid vir Veritas Kambodja en die manne

### **Rondom die kospotte**

Saran, Sok en ek het gaan uiteet. Dit gaan regtig goed met Saran, hy het gewig opgetel!! YWAM bediening is 'n sêen vir hom. Alles word duurder en hy en Theary het besluit om terug te trek village toe. Hy ry Maandae en Vrydae die 80km met sy motorfiets huis toe.

Nary en Gime het vir my 'n spesiale ete voorberei. Dit was so lekker om sommer net te kon saam kuier, bid en eet. Na ete sommer so langs mekaar op die vloer gelê en slaap totdat die grannies vir die middag se 'diens' opgedaag het.

## **BAMBOO SHOOT**

PrekPcoam – Sok ... Dankie vir die voortdurende ondersteuning ... 2 kinders het skool verlaat, dus 30kinders ontvang huidig hulp. Iemand wat met R1000 'n mnd gehelp het, het gestop, ons is dankbaar vir die ondersteuning wat ons vir die kinders deur hom ontvang het. KSM het meer begroot vir die bediening waarvoor ek dankbaar is (Nou R3000) – 23 kinders. Onbekende donor en Lucille (R750) – saam 7 kinders. Sok se kerk het gegroei en dit is ook tyd vir sy gemeentes om verantwoordelikheid te begin vat. Ek gaan nie meer bylas nie en gaan fondse gee soos die R/\$ wisselkoerse dit begenadig. Hy aanvaar dit.

### **Angdong-TaÉen – Nary & Gime**

#### **Ouma voedingskema en hulp verlening:**

Die projek word nog steeds deur my 10de en persoonlik fondse befonds. Ek het ook hier met \$20 gesny vanaf die maand – het altyd vir Nary en Gime saam \$40 per maand gegee vir persoonlike ondersteuning. Ek ervaar dit gaan beter met hulle en daarom het ek die besluit geneem. Dit is egter aaklig om te besef dat hulle staat maak het op die \$20 per maand om hulle huise aan te bou ens. Ek neem hulle glad

nie kwalik nie, ons almal moet doen wat ons dink reg is vir ons persoonlike behoeftes. Die oumas en evangelisasie bly egter my fokus; ek kan nie die ander dinge 'sponsor' nie al is ek baie lief vir hulle.

Gime se man het na jare se lê by die huis begin werk. Sy het geld op haar grond by die bank geleen en kamers aangebou om aan fabriekswerkers uit te huur.

Nary hulle het ook geld by bank geleen (nuutjie hier by ons). Die hout 'goggas' het hulle huis begin opeet, nou het hulle 'n baie mooi groter steengeboude huis; nie heeltemal klaar en hulle self werk daaraan.

*Bid asb vir evangelisasie /voedingskema bediening*

- Dat die evangelisasie efektief sal wees
- Die 'werkers' se finansiële donasie veranderinge
- Ek oorweeg om elke 3de week se Saterdag die oumas se bloeddrukke te gaan neem en mediese hulp waar nodig aan te bied. Wysheid nodig.

### **ASIAN HOPE INTERNATIONAL SKOOL**

Dit is skool vakansie en die 'summer school' is tot die komende Vrydag aan die gang. Dit is lekker dat die kinders my begin ken sommige noem my teacher Alta en ander nurse Alta. Hulle kan nie verby my kantoor se glasdeur loop sonder om te klop, gesigies teen die glas te druk totdat ek op kyk waai en glimlag nie.

*Loof God saam met my oor die wonder om kinders te mag dien en omdat ek 'n lewende getuigenis vir hulle kan wees.*

Huidig probeer ek om al die kinders se mediese geskiedenis op 'n 'spreadsheet' te sit (allergies, vaccinations etc) Die 21ste werk ek met die Khmer onderwys helpers om hulle op te lei tov noodhulp. Die jaar baie groot groep – 3 skole saam.

*Bid asb vir my dat ek nie net die opleiding goed doen nie maar ook verhoudingsbou om Christus se liefde in word en daad uit te dra.*

### **PERSOONLIK**

Motorfiets 'ongelukke' .... 'n Sleepwa het so naby my gekom dat dit my been begin saam sleep het, ek het geskreeu, 'n vuil kyk gekry, maar kon toe weg beweeg. 'n Motorfiets het teen die vekeer gedraai, ons voorwiele het netjies op die 'voor ronding' gebots, weer vuil kyk gekry maar my skaterlag het die situasie ontlont. Ek te naby aan die 'pavement', my wiel gehak en motorfiets het op die 'pavement' neer geslaan – my knieg seer gemaak. Lessie geleer moet nie in alle klein gapingtjies indruk soos die Khmer nie

*My knieg sukkel en ek voel nou fisies soos 'n ou vrou - bid vir genesig asb. My lyf is ook nie gewoond om elke dag regop met my voete op die grond op 'n hout stoel te sit nie en veroorsaak pyne orals.*

## **GOD EN VERWERPING**

Ek is nie seker nie maar ek dink ons almal ervaar soms dat ons nie 'goed genoeg is' vir ander nie; hetsy hulle Christene is of nie, hetsy familie of nie. Ons ervaar dat ons faal vir die mense deur ons manier van dinge doen / hanteer / sê, nie reg glo nie, dit wat ons ervaar, ens ens... jy kan maar bylas. Al is dit dikwels ons subjektiewe denkpatrone en vorige ervarings wat ons so laat dink, maak dit erg seer nê? Dit neig om ons af te trek en negatief te laat voel oor wie ons is. As kinders van God kan ons na God gaan en met Hom praat oor dit ...

Die week het ek by Gen 20 stilgestaan en God het my ongelooflik bemoedig deur Abraham en Abimelech se verhaal. Ek het altyd my kop geskud en gedink 'Ai Abraham hoe kon jy dit 'n 2de keer doen, kyk Abimelech het jou 'n punt gewys en was 'n beter mens as jy in die situasie'. Al weet ek dat God ons lief het was dit vir my nog altyd soort van moeilik om te verstaan hoe God nog steeds vir Abraham in die konteks so seën; hy moes mos net daar en dan gestraf word of so is dit hoe ons dikwels dink en reageer teenoor ander om ons.

As ons egter bietjie verder kyk dan sal ons besef dat Adam, Noah, Abraham, Lot, David ens ook gefaal het vanuit hulle sondige natuur. Dié situasie was een waarin twee sondaars se menswees, van daardie oomblik, ontbloeet was; Abraham op sy 'swakste' en Abimelech op sy 'beste'. Wat maak dan die verskil tussen die 2? Wanneer ons na die geskiedenis van Abraham en Abimelech kyk word dit 'n aha moment. Ek dink wat dit wys is dat God nie sondige aksie teen 'n goeie aksie weeg nie. Ek ervaar dat die verhaal se kern boodskap vir my is dat God nie aksie teen aksie weeg nie maar lewe teen lewe. Wow dit gee my hoop en 'n dieper besef van God se genade!! Die Bybel praat met ons deur die geskiedenis van mense wat werklik geleef het; ten spyte van hulle sondige natuur is hulle nie deur God verwerp nie. Jou en my naam is in God se 'boek van lewe' net soos Adam, Noah, Abraham, Lot, David ens sin. Amazing nê!!!. Ons kan en mag glo dat al ervaar ons verwerping deur mense se aksies en woorde dat God ons nie verwerp nie. Dat Hy vir ons lief bly ten spyte van ons swakhede en die tye wat ons faal. Dat Hy grense vir ons het is waar, maar Sy liefde en vergewingsgesindheid vir ons is onvoorwaardelik. Kom ons glo die Woord en aanvaar dit as God se lering vir ons; kom ons leef dit en toon liefde aan dié wie ons

ervaar ons verwep of mure bou. Paulus sê dit maak nie saak wie teen ons is nie God is vir ons.

*Vader ek bid dat ons genade sal betoon aan dié wie anders as ons is, dink en leef ; aan dié wie ons ervaar ons verwerp oor wat die rede ookal mag wees; wanneer ons dit nie regtig verstaan nie; wanneer ons seer kry spykerskoen merke in ons hart en siel trap. Vader knoop U Woord en liefde aan ons harte en maak elkeen van ons opnuut dankbaar vir die wonder van U reddened genade; vir die feit dat U verstaan; dat U ten spyte van ons slegste oomblikke ons nog steeds lief het en 'n plan van oorwinning het. Here in my hart is die melodie en woorde van 'Genade onbeskryflik groot', my Here en God ek kniel voor U in die wonder van U genade terwyl die liedjie deur my menswees spoel.*

### **Nuusbrief – 16 Augustus 2015:**

Gister op pad village toe het ek so in my kop die brief geskryf, sommer baie met julle gesels; oor die nuwe brug en alles wat daarom aangaan, die slegte pad en dat ek deur gesit is op die motorfiets (net 20km), al die vrugte te koop langs die pad en die hoë stupa-like begrafnis stelasie wat die helfte van die pad inneem (word gewoonlik midernag aan die brand gestee om die liggaam te veras ens ens.

#### **Angdong Ta Een bediening**

##### **Hoofsaaklik voedingskema en evangelisasie**

Ek het besluit om net een oor onderwerp in elke brief te gesels hopenlik sal dit help om dit korter te maak...

#### **Gister het ons die oumas en ander by hulle huise besoek .....**

Ek is dankbaar vir \$20 wat 'n Filipynse onderwyseres vir my gegee het vir die bediening - ons kon geld vir medisyne en kos daarmee begroot.

Ons eerste besoek gister: granny Khon. Sy is terminaal met kanker. Ons kon saam gemaklik gesels oor die dood. Sy ken vir Christus en dit is spesiaal om die vrede in haar te sien.

Granny Lohn en haar dogter. Haar dogter en man was vir 5 maande in die tronk omdat hulle nie hulle skuld kon betaal - die word geien as die afbetaling. Toe ons by hulle huis aankom het sy histories op die bed gelê en huil. Het 'n baie groot abses op haar stuitjie, dit is 10dae gelede oopgesny maar lyk nie goed. Sy het handevol pille

gedrink wat glad nie okay was - valiums en extreme potent vitmines 4x 'n dag. Haar lippe was dood ens ens. Ek het sommer net begin gesels, na die wond gekyk (raad gegee) en die bakkie met die hope medisyne leeg gemaak en vir haar ma gegee - toe soort van 'n medikasie voorskrif gegee. Toe ons daar weg is was sy rustig en het geglimlag. Nay en Gime sal haar opvolg.

Toe na granny Siam se huis - sy was in die middag hitte uit om te probeer om 'n geldjie te maak. Ek was sommer kwaad oor haar familieleden wat onder die afskorting voor haar huisie sit en sy moet orals loop en bedel. Ek het gevra of aar kinders nie net 'n bakkie rys 'n dag kan gee nie - die antwoord was nee hulle is te arm ... mens voel so magteloos. Sy het huis toe gekom met 10 000reel/ \$2.50

Laaste huis besoek was by granny Phat wat verlede week haar dogter begrawe het nadat haar man haar dood geslaan het met die vuur - sy is 'n resilient vrou wat ook erg sukkel om te loop.

Phait. Sy is erg bleek, kan nie meer behoorlik loop nie maar sorg vir haar 10jare kleindogter. Haar dogter het net die pad gevat. Ons weet van 'n plek wat haar en haar dogter sal kan versorg - ek het vir Nary gevra om die NGO te kontak. Daarna sommer net lekker saam met Nary - hulle ge-eet.

## **PERSOONLIK**

Gister oggend toe ek my Bybel lees lees ek "Daar is wie weet hoeveel soorte tale in die wêreld, en geeneen daarvan is sonder klank nie. As ek dan die betekenis van die klank nie ken nie, sal ek vir die spreker 'n vreemdeling wees, en die spreker sal vir my 'n vreemdeling wees" (1Co 14:10,11.)

Die heerlikste binnepret het in my los gebreek - dit is presies wat ek nou ervaar. Ek is nie meer gewoond om saam met uitlanders te werk nie, ek word in 'n boksie gesit dat ek Afrikaans sprekend is en dat Engels as my 2de taal die kommunikasie gapings veroorsaak. Dit terwyl ek feitlik nooit meer in Afrikaans dink, lees of skryf nie, dat ek dikwels 'n woord in Engels soek maar net die Khmer woord onthou.nie. Dat hulle wat Engelse SA'ers, Australianers, New Zealanders, Amerikaners, die ander wat die queen se Engels praat en dan kom die Asiese Engelsprekends ook nog by ... wel kommunikasie gapings en kultuurverskille is daar en mens moet jou wals ken :-)

Ek het êrens gelees dat in die antieke tyd net 70 tale as tale erken was die ander was alles as barbaric of gibberish gesien - dit gaan daaroor dat 'n taal vir een groep mense totaal sin maak vir 'n ander sommer niks betekende gibberishs is. Met my tong in my kies wonder ek water Engelse 'dialek' sou erken gewees het as die maatstaf vandag gebruik sou word? Dalk sal net Engels die 70 tale omarm :-}

Die digter Ovid was uit Rome geskop, hy skryf 'I am a barbarian here, none understand me.' Dit is nou regtig nie so erg vir my nie, maar dit is waar dat die aanpassing soms nogal uitdagings inhou. Ek is egter positief ... groei geleentheid en goeie voorbereiding om eendag Kambodja te verlaat en weer tussen wêsterlinge te bly.

## **CORNE DU PLOOY skryf uit FRANKRYK**

### **Nuusbrief Julie 2015**

#### ***Die Du Plooy in Frankryk***

Die somerskoolvakansie het 3 Julie begin – 2 maande lank ! Ek hoop dat ons dit met die kinders gaan oorleef ! Ek self is sedert 20 Julie vir een maand op vakansie. My skoonouers neem darem die kinders om te beurt vir 'n klein vakansietjie by hulle. Claire se house schooling is nou klaar. Sy sal in Sept met St. 5 (graad 7 ??) begin (1 November word sy 11jr). Thomas sal in St 2 wees ; Sébastien in sub B en Lucie (4jr oud) is nog in die voorskoolse klas. Soos d meeste vroue is Sophie op haar 1254 ??ste dieet ... Verder bly sy nog baie moeg. Ons word nogsteeds 2-3 keer per nag wakker gemaak deur Lucie of Sébastien. Met my gaan dit goed en bedrywig. Ek beplan my 2de half Ironman (1900m swem, 76km fiets, 21km hardloop) vir 23 Aug.

#### ***The reason for God Belief in an age of scepticism Timothy Keller***

Timothy Keller is nie waarskynlik nie 'n onbekende nie, en sy boeke en sy bediening is 'n inspirasie vir baie. Indien julle nog nie hierdie boek gelees het (alreeds in 2008 gepubliseer), moet julle 'n punt maak om dit te lees – indien moontlik saam met ander (selgroep, huisgroep, bybelstudiegroep, ens). Hy bespreek in die 1ste sewe hoofstukke d algemene besware teen die Christelike geloof, bv. Hoekom laat God soveel lyding in die wêreld toe ? Hoe kan 'n

liefdevolle God mense Hel toe stuur ? Kan die Christelike geloof werklik eksklusief wees ? Kan die Christelike geloof *reg* wees en die ander godsdienste *verkeerd* wees ? Hoekom is daar so baie oorloë in die Naam v God geveg ? In die laaste 7 hoofstukke bespreek hy verskeie argumente ten gunste vd Christelike geloof.

### ***Gemeenteprojekte 2015-2016***

**Begin Julie** het ons 'n beplanningsvergadering vir Sept 2015 tot Julie 2016. 'n Aantal algemene riglyne vir die jaar is vasgelê en sekere beginsels neergelê.

**Diakonie** : Enige sosiale betrokkenheid (diakonale bediening) vd Kerk in die samelewing moet (volgens Franse wetgewing) deur 'n aparte struktuur/vereniging georganiseer word. Die afgelope twee maande moes ons die interne regulasies (wette) vd die vereniging verander en ook die naam vd vereniging. Ons het 'n naam in die plaaslike Provinsiale taal gekies. Ek het ook 'n traktaatjie opgestel om de vereniging bekend te stel.

Ons is in d proses om opleiding in kommunikasie en luisterprosesse te beplan vir gemeentelede sodat hulle kan leer om beter te dien en te bedien.

**Verspreiding vd Evangelie en traktaatjies Junie 2016** : Ons beplan DV om hierdie projek volgende jaar te loods wat deel is vd projek « Oser Semer Ensemble ». Dit is nou al verskeie jare wat spanne vanaf RSA kom en deelneem aan hierdie projek (wat gewoonlik +- een week duur). Die dii Johan Bloemhof en Loffie Schoeman speel 'n sleutelrol in die organisasie vd uitreik. Plaaslike gemeente word gehelp om die Evangelie te versprei en kan dan ook gedurende die tyd 'n ander event te reël (konsert, bybeluitstalling, ens.)

**Nasionale vlak** : 7-8 November het ons 'n uitsonderlike Algemene Sinode waartydens ons nuwe sinodale stelsel begin en al ons kommissies verkies word. Ek probeer hierdie betrokkenheid verminder (Moderatuur, predikantsbegeleidingskomitee, teologiese komitee, Dagbestuur streeksinode). 6-8 Mei 2016 hou ons 'n Nasionale Konvensie in d Cevènnès (Tema : One step forward).

**MOSAMBIEKSENDING - ALLEN EN ANSIE VAN DER MERWE**

**Nuusbrief: Junie/Julie 2015**

Dankie dat jy tyd neem om hier te lees, saam met ons te bid en ook belangstel in die werk wat die Here doen in Mosambiek.

Dankie vir die goeie program, ek het weer die Here gevind, die program is so maklik om te volg, ek verstaan die Bybel beter. Dit is `n paar kort getuienis wat deur van die luisteraars uitgespreek is teenoor Pastor Pedro. Hy is in beheer van die uitsendings op ons plaaslike radio stasie . Dit is vir ons baie sleg om jou mee te deel dat ons hierdie maand ons laaste ondersteuning uit Suid Afrika ontvang het vir die projek. Dit is baie jammer dat die projek moontlik weens finansies nie meer sal aangaan nie, ons bid en vertrou dat die Here vir ons nuwe ondersteuning sal stuur.

Ons het ook intussen saam met pastor Oswaldo op Macia begin werk met die dissipelskap opleiding. Deur hom het nog 4 kerkies betrokke geraak in Massingir wat naby die Zimbabwe grens is, Cissavane en ook in Chowe en Chebutu. Ons sal deur pastor Oswaldo werk om die verskeie dorpie te bereik. Hy sal dieselfde rol speel as Meshaq.

Meshaq ons kollega en swart sendeling wat die tronk bediening hanteer het met my die voelende storie gedeel.

By die tronk in Manjekase waar Meshaq besig is met dissipelskap het `n Indier seun altyd die Quran gebruik as Meshaq uit die Bybel lees. Na `n klompie lesse vra die seun vir `n Bybel en werk nou gladnie meer met die Quran nie. Op `n ander keer het die seun se pa hom kom besoek terwyl Meshaq by die tronk was, en die man vra hom toe uit oor wat hy daar doen en Meshaq verduidelik aan hom. Die man vra toe of daar iets is waarmee hy kan help om Meshaq se lewe te vergemaklik siende dat hy dan nou `n sendeling is en betrokke is in die tronke. Meshaq sê toe dat hulle Bybels nodig het. Die man reken toe hy kan nie Bybels gaan koop nie, maar gee toe vir Meshaq geld om `n boks Bybels te koop. Dit is net nog een van God se wonderlike stories aan ons waarin ons kan sien dat niemand nodig het om verlore te gaan nie, en dat die Here enige iemand kan gebruik om Sy Koningryk te verryk.

Ons is besig met voorbereiding om uitreikspanne te ontvang en sien uit daarna om saam met hulle te werk, ek sal jou in die volgende nuusbrieff meer oor hulle vertel. By die huisfront gaan dit goed. Die Here is goed vir ons en ons is dankbaar vir Sy hand van beskerming oor ons elke dag.

### **Nuusbrieff: Augustus 2015**

Hier in Mosambiek is dit ook heerlik koel en ons het truuie aan!

Dankie dat jy tyd neem om hier te lees, saam met ons te bid en ook belangstel in die werk wat die Here doen in Mosambiek .

So maand gelede is ons pastor gekontak deur `n uitreik span uit Suid Afrika wat graag saam met die NG kerk hier wou werk. Omdat ons as ouderlinge in ons gemeente is met die opdrag sending het ons opdrag gekry om hulle te ontvang en `n uitreik te reel.

Die span het in Belene gebly en wou in Macia uitreik, waar daar nie `n NG kerk is nie en omdat ons interkerklik werk en ook in Macia saam met pastor Oswaldo het ons by hom gaan uitreik. Dit was vir ons baie lekker om weer bietjie in `n span te werk.

Hulle het twee skole besoek, `n vroue en manne program aangebied en ook leierskap opleiding gedoen en dan die laaste aand die Jesus film vertoon, waar heelwat mense hulle harte vir die Here gegee het en ons glo en vertrou dat hulle sal geestelik groei in Oswaldo se kerkie. Dit was ook goed om weer in die gemeenskap in te stap en sommer net van huis tot huis te loop en bid vir mense.

In dieselfde tyd het ons stuur gemeente ook by ons kom besoek afle en kon hulle saam met ons en die ander uitreikspan uit SA, `n ete by die kerkie nuttig en die Jesus film vertoning bywoon.

Ons stuur gemeente se manne het ook die radio stasie besoek waar ons die weeklikse programme vir Jesus te Ama (Jesus het jou lief) uitsaai en kon van hulle ook pastor Pedro ontmoet.

Ons bid nog vir fondse sodat ons nie ons lugtyd op die stasie sal verloor nie. Maar as ons nie fondse kry nie, bid ons dat die Here `n wonderwerk daar sal laat geskied sodat ons nie totaal van die lug af sal gaan nie.

Allen het ook Mehsaq se motorfiets begin invoer. Hy het vir twee agtereenvolgende dae by die kantore op die dorp gaan sit en wag, van vroegdag tot toemaaktyd vir `n inspeksie, dit was nogals fristerend, want hy moes elke oggend vroeg hier ry met die sleepwa en die motorfiets daarop en dan daar in die son gaan sit en wag totdat die inspekteure van Maputo af opdaag. Laat middag die tweede dag het Allen besluit, genoeg is genoeg en gaan nou maar weer `n derde dag probeer, gelukkig het die mense toe opgedaag en na toemaaktyd is die motorfies gedoen. Allen se hulle neem fotos van alles die binnekant, buitekant, sitplekke, wiele, engine, die papierwerk is blykbaar iets ysliks, en heel interresant om te sien hoe hulle goeters doen hier. Nou gaan die papierwerk na Maputo en dan sal hulle besluit kan die motorfiets ingevoer word en wat die koste gaan wees.

Bid asseblief saam met ons vir die volgende:

Die radio projek – dat die Here ons sal wys watter pad om te stap daarmee.

Die dissipelskap dat ons steeds sal volhou en nie moeg raak nie.

Dankie ook aan die drie nuwe areas wat deur pastor Oswaldo gehanteer gaan word.

Allen se gesondheid.

Dit gaan beter maar met suiker, ouderdom en hoe bloedruk is daar gereed kwale.

Ons het nou op die banting bus geklim, dit is nogals `n duur diet en probeer volhou om te kyk of dit nie bietjie sy gesondheid gaan verbeter nie.

## **LAUDIUM Outreach Group (LOG)**

### **Verslag oor die aktiwiteite - Augustus 2015**

'n Paar van die LOG Lede se Persoonlike Insette

What does it mean for me to go to Ladium? Do I count the number of converts? Or the number of "spiritual talks". No. For me it means visiting friends and potensial friends. Men and women just like me and you, with the same struggles and pains you and I may have, but with one very big exception. I have hope. An eternal, everlasting Hope that they do not have. And that is something I want to share every time I go out with the LOG group. Due to my work, I am unable to join the group as often as I would like to, BUT it does not prevent me from praying for them as they go out. As the saying goes, more things are wrought through prayer than what man may know of. I count it a priviledge and honour to join the LOG team. My Prayer request: Please pray for my friends, Pam and Suren, that they may grow as a couple and as young believers in our Lord Jesus Christ.

- Lydia Gittens

Joan and I visited the old lady who we led to the Lord about eight years ago. Later in the month Joan visited her on her 92nd birthday as she would have spent the day alone. Her son has rejected Islam but hasn't embraced Christ.

As we couldn't visit Muslims on the Night of Power (Lailat al-Qadr), which Muslims believe to be the night in which the first revelations of the Qur'an were given to Muhammad, I visited an elderly Hindu lady with Ian who shared the Gospel with her very clearly. She was very moved but still hasn't committed her life to Christ.

I went with another colleague to visit Muslims at an Islamic institute where we often visit to share the Gospel. Although we did have some interesting interaction with the Muslims there they tended to be too preoccupied with other things for us to have a really fruitful time of sharing. However we still see times like these as relationship building and so not wasted. A couple of weeks later I stopped outside the institute on my own just to greet my Muslim friends who were outside. I met a man who had converted to Islam from the ZCC (Zionist Christian Church). He doesn't know much about Christianity and had wrong Christian doctrine taught to him by the Muslims. I simply showed him some Bible verses to refute some of those wrong doctrines. He was very interested and wants to meet me again to know more.

One evening I bumped into a Muslim man who I had lost touch with a few years ago as he had moved. I had tried to find him before so I believe that this was an appointment of God. We spoke about the way to God and I shared from John 14: 6.

I visited a young Maulana who I've known and visited for a long time. He really wants me to become a Muslim and asked me when I was going to do so. I told him that I can't because forgiveness of sins and the assurance of eternal life is only found in Jesus. I read John 17: 3. He claimed that Muhammad gave an assurance of paradise for Muslims which is contrary to orthodox Islamic theology which teaches that no one can be sure of entering paradise. We will discuss this matter further the next time we meet.

We were delighted to see the young Muslim lady, who Joan had been teaching the violin, in church one Sunday. She said that she had become a Christian. However, after Joan visited her she found out that this lady doesn't

understand the Gospel and has left Islam to become a Christian by name only and not a true believer. Nevertheless this is still enough to have infuriated her father who owns a local Islamic bookshop and is well known in the community. Joan is planning to disciple her to bring her to true faith in Christ.

- Alan Wainwright

We thank the Lord - through our outreach program, a family of a mother and four daughters, as well as her son-in-law, from Muslim and Hindu backgrounds, have accepted the Lord as their Ssavior. They are busy with catechism classes at the moment.

We are also busy with a family from Catholic and Hindu backgrounds . Both these families have started to attend church.

- Victor Pillay

Ek het al vergeet wanneer Gerhard my omgehaal het om betrokke te taak in Ladium. Sekere Maandag aande vat dit baie inspanning om die huis te verlaat om Ladium toe te ry, maar ek was nog nie een dag spyt dat ek dit gedoen het nie. Elke besoek is 'n hoogtepunt en motivering om terug te kom.

Ek word elke keer meer verreik, en ontvang meer as wat ek gegee het.

Nou is die vraag - wat motiveer my vir die werk? Die wete dat ek eendag saam met my Hemelse Vader in die hemel sal wees en dat die mense van Ladium dalk tot die hel vervloek is, maak dat ek terugkom. My doel is om hulle te help om gered te word sodat hulle ook saam hemel toe sal kan gaan.

Ek glo evangelisasie werk is die taak van elke wedergebore Christen, om uit dankbaarheid vir wat Jesus vir alle mense op aarde gedoen het, aan ander wat dit nie weet of verstaan nie, te vertel.

- Andre Rall

Onder beide Moslem en Hindoe mense is towery 'n baie algemene verskynsel. Die oorsprong daarvan is of afguns, of haat, of om 'n seksuele liefde-spel af te dwing, ens. Dit is egter vir ons net te wonderlik om te sien en te ervaar hoe dat

Jesus hierdie bande van die duiwel verbreek wanneer iemand Hom aanneem en in ware berou sy / haar sondes teenoor Jesus bely.

Bid asseblief vir Roshaan, sowel as vir Serisha, wat onlangs hierdie wonderwerk van die Here ontvang het. Bid dat die Here hulle sal beskerm en bewaar van enige verdere aanvalle van die duiwel se kant af.

Ons dank die Here vir feit dat Hy weereens Sy almagtige krag geopenbaar het in hulle vrymaking.

Bid asseblief dat die Here elke lid van die Laudium Outreach Group onder Sy vlerke sal toevou, en sal gebruik tot die voorbereiding van Sy Koninkryk.

### **Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE**

Ek is steeds besig om op die Sondag wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. **Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.**

*Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borge.*

**Bly asseblief aanhou bid vir nog geleenthede by gemeentes vir die res van die jaar.**

Indien u deurlopend (so een keer in die loop van 'n week/2 weke) terugvoer wil kry via sms en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235.

**Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borge, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.**

***Hier volg 'n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen:***

Een van Sending Sonder Grense se personeel in Roemenië, Lavinia Campean, skryf:

“As ‘n Christelike organisasie wat as hoofdoel het om mense vir Christus te bereik, is ons bewus van die belangrikheid daarvan om die Woord te leef, te versprei en te verkondig. Ons besef ook al meer hoe noodsaaklik dit is dat mense die Woord ken en uitleef indien hulle hul lewens en lewensomstandighede wil verander. Ons is oortuig dat die wêreld ‘n beter plek sal wees as almal die Bybel se inhoud verstaan en toepas in hul lewens.

Aangesien ons dit glo, probeer ons die Evangelie aan soveel mense as moontlik beskikbaar stel, met die gebed dat die hele land positief sal verander. Selfs al kan ons nie in die groeiende aanvraag vir Bybels voorsien nie, bid ons dat God, deur Sy veranderende krag, ‘n groot impak sal maak met die Bybels wat wel versprei word.”

Sorin Petrache, ‘n sendingpredikant in die Bihor Distrik van Roemenië, is een van vele persone van die plaaslike gemeentes wat **Sending Sonder Grense** bystaan om Bybels te versprei – Bybels wat gedruk is uit fondse wat van **Borge** ontvang is.

Hy skryf: “Daar is baie plaaslike kerke wat betrokke is by hierdie projek waar Bybels gratis uitgedeel word. Ons wil seker maak dat soveel moontlik kinders geïllustreerde Kinderbybels ontvang, en dat soveel moontlik volwassenes die geleentheid kry om die Bybel se boodskap aangaande God en Sy Seun Jesus wat na die wêreld gekom het om ons te red, te lees.

Mense van verskillende agtergronde en omgewings het Bybels ontvang: sommige werk in banke, ander in skole of universiteite, ander weer in winkelsentrums. Bybels is ook aan mense in hospitale, tronke en ouetehuse geskenk.”

Hy skryf verder: “Dit is vir ons ‘n groot eer om hierdie wonderlike werk te doen en ons beleef die Here se seën daarin; al meer mense begin as gevolg van hierdie projek om die Bybel te lees en kerkdienste by te woon. God is goed, en dis slegs deur Sy genade en liefde dat ons met hierdie aksie kan volhou – alle eer net aan die Here!”

### Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy  
Sending Sonder Grense  
Koerde  
Olive Shoot

Ds Leon Tait  
082 601 4235

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Stanwin Street  
079 525 5695  
Carl de Beer  
083 443 9256

Mosambiek

Carl de Beer  
083 443 9256

Gebedsketting  
Laudium

Alet Briers  
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen  
084 652 8773  
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

**Sending (as deel van die nuwe Diensgetuienisbediening)**

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie.  
Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256,  
en ons stuur vir u 'n kwitansie.  
By voorbaat dank, Sending taakspan